





# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

**Julie / July 2020**







*For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe*

*Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV*

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

## Indeks / Index


Editors Page / Redakteur se blad 2
Editorial / Redaksioneel 3
Vertellings van my vriend Jan Helberg
Christo Munnik 4
Positiwiteit in die Smeda Huishouding
Shaun Smeda 6
Birmingham Roller aanlyn Whatsapp skou
Christo Munnik 7
Besoek aan 'n Duitse skou - Jan Lombard 9
Duiwevoeding en energie - Simon Jordaan 10
Scoreboard and Rules 12


## Birthdays

**B078 - Jan Grobbelaar - 02-Aug**
**B046 - Jan Lombard - 05-Aug**
**K007 - Renier Lee - 06-Aug**
**D008 - Willem J van Vuuren - 08-Aug**
**H009 - Koot Serfontein - 10-Aug**
**C033 - Dirk Scholtz - 13-Aug**
**V031 - Chris vd Walt - 13-Aug**
**C013 - Awie Small - 13-Aug**
**C001 - Jan Labuschagné - 14-Aug**
**H042 - Ian Singleton - 16-Aug**
**K030 - Joseph Pienaar - 17-Aug**
**N019 - Graham Hartley - 19-Aug**
**B055 - Gerhard v Aswegen - 20-Aug**
**W065 - Harry Munnik - 21-Aug**
**K055 - Jannie Kruger - 21-Aug**
**D041 - Daleen Esterhuyzen - 22-Aug**
**W014 - Hennie Huyser - 22-Aug**
**H048 - Dennis Lesar - 22-Aug**
**N004 - Christo Munnik - 23-Aug**
**B025 - Naas Dreyer - 23-Aug**
**B085 - Sevannah de Bruin - 24-Aug**
**B088 - Roxanne Burger - 24-Aug**
**W076 - Eric Kruger - 24-Aug**
**B034 - Ettiene Oosthuizen - 28-Aug**
**V030 - Christo Britz - 28-Aug**
**D046 - LEM Haasbroek - 28-Aug**
**C043 - Luan Lubbe - 28-Aug**
**B033 - Benard van Zyl - 29-Aug**
**C011 - Jan Wilkens - 31-Aug**
**H033 - Klaas Smit - 31-Aug**
**B068 - Willie J van Rensburg - 31-Aug**

## Ill members

***Please keep the following members in your prayers:***
***Jan Oelofse President of KwaZulu-Natal Region was involved in a very bad car accident.***

***Ruben Kitching had to undergo back surgery***

## Deaths

***None***

## Nuwe lede / New members

***Theodore Kruger - H082 - Birthdate 23 Nov***
***William Boshoff - J033 - Birthdate 11 Okt***
***Fabiana Bruno - V058 - Birthdate 27 Apr***

***Will publish full details in August***

# Gotcha!!!!




***Een van daai swart kolletjies moet 'n luis wees!!***

***Hulle wat nie geld het nie, is arm, maar hulle wat NET geld het is nog armer.***

***Die lewe is nie 'n probleem om op te los nie. Dit is 'n reis. Geniet dit!***

***Sê dat jy omgee***

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



## National Editor

## Cora Munnik

Hierdie maand se Redaksioneel kom uit die pen van Corné Grundling (Ex SAUK Joernalis)

“Hoe ouer ek word, hoe meer geniet ek Saterdagoggende. Miskien is dit die stil alleenheid wat daarmee kom om eerste op te staan, of miskien die uitbundige vreugde om nie werk toe te gaan nie. Hoe dit ookal sy, die eerste paar ure op ‘n Saterdag oggend is die lekkerste. ‘n Paar weke gelede was ek op pad na die motorhuis met ‘n stomende koppie koffie in die een hand en die oggendkoerant in die ander hand. Wat as ‘n tipiese Saterdag begin het sou draai in een van daardie lesse wat die lewe van tyd tot tyd vir ‘n mens gee. Laat ek vir jou hiervan vertel.

“Ek is ‘n radio amateur en het my ontvangstoestel ingeskakel op die telefoniese band om na die Saterdagoggend gesprekke te luister. Met die luister na die gesprekke kom ek af op ‘n man wat ouerig klink, met ‘n sterk sein en ‘n goue stem. Jy weet ‘n stem wat klink of hy in die uitsaaiwese hoort. Hy was besig om te vertel, wie ookal wou luister van ‘n ding met ‘n duisend albasters. Ek was skielik geinteresseerd en besluit om te luister na wat hy te sê het.

“Wel Tom, dit klink sekerlik dat jy baie besig is in jou werk. Ek is seker dat hulle jou goed betaal, maar dit is hartseer dat jy soveel weg is van die huis en jou gesin. Dit is moeilik om te glo dat ‘n jong man sestig tot sewentig uur ‘n week moet werk om deur te kom. Dit is hartseer dat jy jou dogter se dansopvoering gemis het. Maar laat ek jou iets vertel wat my gehelp het om my prioriteite reg te hou.”

Dit is toe wat die man sy teorie van ‘n duisend albasters ver-duidelik. “Jy sien, ek het eendag gesit en ‘n bietjie somme gemaak. Die gemiddelde persoon leef 75 jaar. Ek weet, sommige leef meer en sommige minder, maar gemiddeld, leef mense ongeveer 75 jaar. Wat ek toe doen is om 75 te vermenigvuldig met 52 en ek het die getal 3900 gekry - dit is die aantal Saterdae wat die gemiddelde mens in sy hele leeftyd het. Hou nou net ‘n bietjie uit Tom, ek kom nou by die belangrike deel. Ek het eers op die ouderdom van 55 jaar begin dink aan hierdie detail, en by daardie tyd het ek reeds deur meer as 2800 Saterdae geleef. Ek had nog ongeveer ‘n duisend Saterdae oor om te geniet. So het ek na die speelgoedwinkel gegaan en al die albasters in die winkel gekoop. Uiteindelik moes ek by nog twee speelgoedwinkels ingaan om by ‘n 1000 albasters uit te kom. Ek het die albasters huis toe geneem en hulle in ‘n groot, helder deursigtige plastiese fles geplaas alles hier in my stoorkamer langs al my goed.

“Van daardie dag af het ek elke Saterdagoggend een albaster uitgehaal en weggegooi. Ek het agtergekom soos ek die albasters sien minder raak, ek al meer gefokus het op die regtige belangrike dinge in die lewe. Daar is niks soos om te sien hoe jou tyd op die aarde besig is om uit te hardloop, om jou te help om jou prioriteite reg te kry nie. Wel, laat ek jou vertel voordat ek van die lug afgaan om my lieflike vrou vir ete uit te neem. Vanoggend het ek die laaste albaster uit die fles gehaal. Ek reken indien ek dit volgende Saterdag maak, is ek ‘n klein bietjie ekstra tyd gegun. En die een ding wat ons almal kan gebruik is ‘n klein bietjie ekstra tyd. Dit was lekker om met jou te kon gesels, Tom, ek hoop jy spandeer meer tyd met jou gesin, en ek hoop ons ontmoet weer hier op die lug. Dit is ‘n 75 jarige ou man, K9NZQ wat groet, oor en uit.”

“Jy kon ‘n speld op die lug hoor val toe die man van die lug afgaan. Ek reken hy het vir ons almal iets gegee om oor na te dink. Ek self het beplan om die oggend te werk aan die antenna van my radio, en daarna was ek van plan om met ‘n paar van die ander radioamateurs saam te werk aan ons klub se nuusbrief. “Ek het egterinstede daarvan om dit te doen - die trappe opgeklim na ons slaapkamer en my vrou met ‘n soen wakker gemaak. Komaan my vroutjie, ek neem vir jou en die kinders vir ontbyt. Sy het regop gesit met ‘n glimlag: ‘Wat het gemaak om dit mee te bring?’ Ek het na haar gekyk en gedink hoe gelukkig ek is. ‘Ag wat, niks besonders nie, dit is slegs ‘n lang tyd gelede dat ons ‘n Saterdagoggend saam met mekaar en met die kinders spandeer het. En terwyl ons nou uitgaan, kan ons stop by die speelgoedwinkel? Ek het nodig om albasters te koop.”


**Advertisement Costs**

**Businesses and non SAFPA members**

**Quarter page - R250 - Half page - R450 - Full page - R850**


**SAFPA members R100 - Quarter page**


**Banking details**
**Account Name SAFPA**
**Standard Bank Tyger Manor**
**Branch Code 05-04-10-41**
**Account Number 272 692 794**

**National Ringmaster**
**Available**
**Monday to Saturday**
**08:00 to 20:00**
**Sunday after 14:00**


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## *Vertellings van my vriend Jan Helberg*

***Ingestuur deur Christo Munnik***

Vandag het ek vroeg met my takies begin want ek moes in die dak in. Die van julle wat al daar was sal weet hoe stowwerige affere dit is. Die vorige keer wat ek daar gewerk het, was Liefie nie baie beindruk met my nommer 11 stofspore in die gang nie. Die nodige voorsorg word dus getref. Liefie gee 'n ou laken waarop die leer moet staan en ook om as landingstrook en voet reinigingsstasie te dien. Ek bestyg die leer met 'n paar ou plakkies sodat ek hulle met die afkomslag sommer kan uitskop en kaalvoet op Liefie se skoon vloere te loop sodat hulle nie vuil word nie.

Nou kom die pret. Ek moet eers 'n hoed opsit om die vinieltop so bietjie te beskerm. Die vorige keer het ek hom nerfaf gestamp teen die balke. Dit is nogal donker daar bo en ons mans praat mos nie baie nie so my mond is nou 'n houer vir die flitsliggie. Elke keer wanneer ek daarbo rondklouter onderneem ek om vir my daar 'n loopgang te bou maar dit bly maar net op die wenslysie. Nou moet ek maar soos 'n wafferse sirkusakrobaat, hoed oppie kop, flits innie bek, plakkies aan die pote, sakke vol goed wat ek nodig het vir die takie en dit wat nie in die sakke pas nie innie hande deur die balke navigeer. Die plakkies is nie baie geneë met hierdie oefening nie en kort kort besluit een om agter te bly. Liefie se vloere is skoon en die balke is vol splinters so elke keer is dit weer akrobatiese oefening in trurat om die plakkie te herwin.

My takie begin by die verste punt van die dak. Ek maak dit darem veilig tot daar en met die begin van die takie, wat so sorgvuldig beplan is sodat ek alles wat ek nodig het byderhand het, sal mens mos nou eers daar agterkom dat jy iets vergeet het. Nou is dit weer al die pad terug. Weer met nog meer akrobatiese toertjies deur die balke is ek weer terug by die verste punt van die dak en vorder fluks. Nou is dit nog nie die einde nie. Jou foon sal vir dae nie lui nie, maar wag dat jy nou op die ongemaklikste plek is dan lui hy. Die vloere is nog mooi skoon so Liefie is gelukkig nog gewillig om as sekretaresse op te tree en antwoord die foon. Ek begin maar weer met my akrobatiese toertjies om uit die dak te kom. Moet sê, ek raak nou nogal goed met die storie want 'n plakkie bly net een keer agter.

Ek neem my telefoonoproep en toe is dit weer die terugtog na my werkstasie in die dak. Teen die tyd begin die wintersonnetjie al die dak se sake werk. Nou kyk, voordat jy 'n klomp geld op 'n sauna spandeer, rig eerder vir jou 'n plekkie in die dak in. Jy kry baie goedkoop een wat baie effektief is en nie eers krag gebruik nie. Papnat gesweet gaan ek voort by my werksplekkie. Die elendige foon lui alweer. Weer is dit die trek dak uit om die oproep te beantwoord. Met die sweet en stof lyk ek nou al soos Rambo in een of ander bosoorlog. Weer terug die dak in. Hierdie keer kry ek darem die takie voltooi. Die enigste bonus is dat ek my ystersaag, wat ek seker al 'n jaar terug daar vir myself weggesteek het gekry het. Sal maar liewers nie vir Liefie sê dat ek maar intussen 'n ander een gekoop het nie.




**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**



**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**

**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**

Julie 2019



**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**




Desember 2019

## Ons verkoop

*Verskeie Duiwekosse* — *Groot verskeidenheid Duiwemedisyne*

*Skulpgruis (Grid) vir Voëls & Duiwe* — *Verskeidenheid Kos en Waterbakke*

## Asook

*Voëlsade - Voëls en Visse* — *Alle Troeteldierbenodigdhede*



## *Positiwiteit in die Smeda huishouding*

***Shaun Smeda***





Met al die negatief is daar darem so ietsie posetief gedurende lockdown in die Smeda huishouding gewees.

Na amper 8 jaar wat ek die geliefde sport moes op gee as gevolg van werks verpligtinge en oorplasings deur die land het die vere gogga weer gebyt. Wat dit die keer so besonders maak is dat my seun nou deel is van die geliefde sport.

‘n Oproep na Chris de Bruin as noodkreet vir raad, hulp en ‘n paar Birmingham rollers later vir my seun was genoeg om die borrellende emosies en belangstelling weer van voor op te wakker. Wat oorspronklik net ‘n hok vir rollers vir hom sou wees het vlugtig verander na ‘n oproep of twee om te hoor as ek my hande dalk weer op my geliefde rasse Blondinette en Satinette kon kry (Ja oom Brandweer daai kort bek goed waarna oom so graag verwys). Toe die antwoord ja was toe verander die hele prentjie en word daar inderhaas hokke gebou om van voor te begin “boer”.

In die selfde asem was dit hartseer om te verneem van n klomp vriende en kennisse wat nie meer met ons is, maar ook net so wonderlik om weer kontak te maak met ‘n paar ou vriende. Graag sonder ek Chris de Bruyn en Wietz van Zyl uit vir hul hulp met die “op start” van ons boerdery hier Noord-van-die-Vaal. Sien uit om almal te sien sodra die skoue hervat kan word

Duiwe groete
Shaun en Karel- Jan Smeda




**President**
**Chris de Bruin**
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**

**Sekretaris**
**Peet Botha**
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail: peetsandra@vodamail co.za**

Februarie 2020

# Tweede Birmingham Roller Aanlyn Whatsapp Skou



### *Birmingham Roller Whatsapp skou verloop seepglad*

***Christo Munnik***




Die tweede Birmingham Roller skou wat ek en Harry Munnik gereël het was bietjie anders as die eerste een. Ons het weereens almal wat met Birmingham Rollers boer, genooi om deel te neem om te probeer om nuwe lede vir die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging te werf. Die reaksie was weereens verstommend en baie manne het deelgeneem aan die skou. Ek en Harry het besluit om die skou inskrywings vanaf die lede te beperk tot vier duiwe per vertoner ongeag hulle geslag of ouderdom. So vertoners kon vier Jong wyfies inskryf as hulle wou en 59 duiwe is ingeskryf.

Die beoordeling is ook anders gereël, ek het vyf beoordelaars aangewys een vir elke ouderdomsgroep en 'n Hoofbeoordelaar om die finale drie duiwe vir my te plaas. Elke beoordelaar moes nadat Harry die duiwe in ouderdomsgroepe ingedeel het en aan hulle gestuur het die beste drie duiwe aanwys en vir Harry terug stuur.

Diebeoordelaars het twee dae gekry om te beoordeel omdat een van die beoordelaars in Engeland bly. Die verskillende beoordelaars was, Christo Munnik - YH's, Corrie Oosthuizen - YC's, Charlie Botts - OH's en Harry Munnik - OC's. Die Hoofbeoordelaar was Chris Lamont wat in Australië bly.

**Die uitslae was as volg gewees:**



***Beste Jong Wyfie & Reserwe Kampioen Duif Vertoon deur: Harry Munnik***



***Reserwe Jong Wyfie Vertoon deur: Nando Oosthuizen***



***2de Reserwe Jong Wyfie Vertoon deur: Corrie Oosthuizen***



**GJ van Aswegen**
**Teel met Norwich Croppers, Brunners en Working Homers**
**Kontak besonderhede:**
**Sel: 082 921 1747**
**e-mail: gjtlofts7@gmail.com**



Januarie 2020

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229


Beste Jong Mannetjie & 1ste Res Kampioen Duif Vertoon deur: Nando Oosthuizen


Reserwe Jong Mannetjie Vertoon deur: Harry Munnik


2de Reserwe Jong Mannetjie Vertoon deur: Harry Munnik


Beste Beste Ou Wyfie & Kampioen Duif Vertoon deur: Corrie Oosthuizen



Reserwe Ou Wyfie Vertoon deur: Harry Munnik


2de Reserwe Ou Wyfie Vertoon deur: Attie v Aswegen


Beste Beste Ou Mannetjie & 2de Res Kampioen Duif Vertoon deur: Chris de Bruin


Reserwe Ou Mannetjie Vertoon deur: Attie v Aswegen


2de Reserwe Ou Mannetjie Vertoon deur: Corrie Oosthuizen


South African Blower Club
Suid-Afrikaanse Blaasduif Klub
Established *** 1988 *** Gestig

We promote the following Blower Breeds
Ons bevorder die volgende Blaasduif Rasse

Brunner Pouter, Norwich Cropper, Dutch Cropper, English Giant Pouter, Pomeranian Pouter, Holle Cropper, Pigmy Pouter, Reversewing Cropper, Ghent Cropper, Czech Ice Cropper, Voorburg Shield Cropper, Gorguero Pouter, Elster Cropper, Hana Pouter, Bavarian Pouter, Saxon Cropper, Marchenero Pouter, Lille Pouter, Canaria Cropper, Thuringian Cropper, Valenciana Pouter


For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak
President: Jan Labuschagné Cell: 083 491 2919
Sekretaris: Dirk Scholtz - Cell: 082 452 4229

Julie 2020


***God antwoord ons gebede maar Sy wil is wyser as ons s'n***

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



## *Besoek aan 'n Duitse skou*

***Deur Jan Lombard***

Dit was my voorreg om Duitsland op vier geleenthede te besoek. In die proses het ek ses van hulle duiweskoue bygewoon. Dis 'n belewenis wat ek vir enige ernstige duiweboer kan aanbeveel – ten minste een maal in jou lewe! As jy dit dan nog kan kombineer met 'n besoek aan die Duiwemuseum van Herr Karlheinz Sollfrank in Nurenberg is dit net soveel beter.

Wat maak 'n Duitse besoek so spesiaal? Hierdie vraag het BAIE antwoorde. Eerstens is hulle skoue die grootste in die wêreld. Daar is baie meer duiwe as wat 'n mens in die twee en 'n halwe dag kan sien. Daar is baie rasse wat jy nog nooit in lewende lywe gesien het nie. Op die 2013 Lipsia skou was daar 30 015 duiwe inskrywings en ongeveer 20 000 pluimvee. In 2016 op die VDT kampioenskapskou in Erfurt was 22 550 duiwe en op die 2019 VDT Kampioenskaskou in Kassel 19 085 duiwe.

Tweedens is daar baie duiwe te koop, as jou begroting die invoerkoste kan absorbeer. Daar is goeie duiwe beskikbaar vanaf 20 Euro (meestal so 50 tot 100 Euro). Die beoordeling vind die Donderdag plaas en is gesluit vir die publiek. Vrydagoggend as jy by die skou arriveer, kan jy 'n katalogus koop (ongeveer 15 Euro), waarin al die resultate (punte vir elke duif) asook die pryse van die wat te koop is, aangedui word.

By al die skoue is daar 'n klomp stalletjies wat sorg dat jou maag vol bly en dat jy net so effens onder die "invloed" is – om die koue weg te hou! Die mate van "effens" is natuurlik jou eie besluit, maar 'n man wil darem duiwe kyk. As die "effens" dan effens te veel raak, geniet jy nie meer die skou nie! Naas die kos- en drankstalletjies, is daar enige iets rondom duiwe en hoenders te koop. Daar is BAIE stalletjies wat boeke, voer, duiwekiste, medisyne, poskaarte, koffiebekers, beeldjies, ens. ens. verkoop. Gelukkig het 'n mens twee beperkings: 'n begroting en 'n tas wat net 23kgs mag weeg as jy terugkom. 'n Pel uit die VSA het eenmaal op pad terug al sy klere in die kleedkamers op die lughawe gelos, net om plek te maak in sy tas vir sy aankope!

Dan is die atmosfeer iets besonders. Vir ons Suid Afrikaners wat sneeu ken as iets kouds en wits bo-op die bergtoppe (ook net so nou en dan) is dit 'n belewenis om sneeu te sien val en in 15cm dik sneeu te loop. 'n Mens leer vining om jou loopaksie aan te pas – voete word van bo af – afwaarts neergesit, nie soos ons loop in 'n voorwaartse beweging nie. 'n Man gly en val net eenmaal hard op jou …. dan leer jy vinnig. In die koue is die kersmarkte (weihnachtsmarkt) met hulle warm gekruide wyn (gluhwein) 'n belewenis, behalwe as jou naam Matt is, en jy dring in Afrikaans aan op 'n glas koue witwyn (en jy kry dit boonop reg ook!). Die straatkos wat by vele stalletjies te koop is, is ook iets besonders. Hoe kouer dit raak, hoe lekkerder kuier die mense en hoe groter is die "party". Vir die ouens met borshare is daar gluhwein gegeur met iets sterkers. My "favourite" is feurerzangenbowle, 'n konkoksie van gluhwein en Strohrum. Jy drink dit staan-staan, want as jy gaan sit, kom jy nie weer op nie. Die koue is darem net buite. Die skousale en huise en alle geboue is sentraal verhit. Die besondere ou geboue in hulle kenmerkende boustyl dra ook by tot die atmosfeer; en is die geboue nie oud nie? Ek en Matt was by 'n King teler wie se huis en hokke in 1630 gebou is. Dis 21 jaar voor Oom Jan in die Kaap aangekom het! Ek geniet besoeke aan ou kerke en kastele. Google gerus Burg Ronneburg.

As jy dink 'n bosveld sonsondergang is mooi (en ek stem saam) moet jy 'n sonsondergang oor n sneeulandskap sien! Die kombinaises van rooi, pienk en oranje met die wit sneeu is ongelooflik mooi!


Hokbesoeke is ook baie lekker. Die meeste Duitsers het 'n "party room" waarin al hulle trofees, "erhren banden" (pragtige geborduurde erepryse) ens uitgestal is, en waar daar gewoonlik ook 'n paar bottels schnapps en 'n paar glasies is. 'n Interessante variasie van 'n hokbesoek is om hulle klubhuise te besoek, veral in die meer stedelik gebiede waar daar nie plek is vir hokke by die manne se huise nie. So 'n klubhuis is dan gewoonlik op 'n groot erf met 20+ hokke. Laatmiddae kom die manne daarheen om hulle diere (duiwe, hoenders, fisante, skape, bokke ens.) te kom versorg, en drink dan 'n biertjie voor hulle huis toe gaan. Ek dink dis hierdie sosiale interaksie wat sorg dat die sierduifsport nog so groot is in Europa. Van die klubhuise is baie oud, en baie mooi versier met allerande ou goed. Dis nie snaaks om 'n geraamde skousertifikaat van

100 jaar of selfs ouer te sien nie!

Nou dat ek julle lus gemaak het, is die vraag seker: :"Wat kos so 'n trippie?" Die grootste uitgawe is natuurlik die vliegkaartjie. Ek het al onder R7000 vir 'n retoerkaartjie na Frankfurt betaal. As ek tans op die websites kyk, kos dit ongeveer R 10000. 'n Schengen visa kos so R1300. Hotelkoste wissel van 35 Euro tot 75 Euro (as jy nou nie te "fancy" wil wees nie). Ek het al vir 20 Euro oornag in 'n klein hotel oos van Berlyn, dit was baie basies. Ek en Koos Meiring het Euro 36 vir B&B betaal in 'n klein hotelletjie in 'n klein plattelandse dorpie tydens ons besoek in Januarie 2019. Tans kos 'n Euro ongeveer R20. As jy eet, los maar jy "steak" tande tuis, en bly weg van uiteet. Dis DUUR! Koop eerder vars brood, kase en kouevleise of worse (groot verskeidenheid) by Aldi (hulle ko-operasie wat fietlik in elke dorpie is), EN chocolates – dis baie goedkoper daar as hier! 'n Beker gluhwein kos so 2,50 tot 3.50 Euro. Drank is duur – as jy dors is, pak eerder jou eie botteltjie in en drink jou sopie saans in jou hotelkamer. 'n Hotdog (bratwurst mit Brot) kos omtrent dieselde as gluhwein en 'n porsie tjips effens minder. Ek vat altyd energie "bars" saam om gedurende die dag aan te kou. Om die skoue te besoek kos 12 Euro per dag, of jy kan n kaartjie vir die 3 dae vir 30 Euro koop.

Opsommend kan so 'n trip 'n mens seker enige iets van R15 000 tot R 25 000 kos. Dis nie goedkoop nie, maar elke sent werd. (net voordat iemand die idee kry ek is geld se baas, moet ek darem noem dat my duiwebeeldjies my trips finansier). Ek hoop hulle kry gou 'n Covid-19 entstof, want my alie jeuk om weer te gaan. Ek hoop daar is 'n paar duiweboere wat dan wil saamgaan.

Groete





## *Duiwevoeding en Energie*

***Simon Jordaan***

Die hoeveelheid kos wat 'n duif inneem word met ondervinding aangeleer, maar vir 'n begin, 'n duif vreet ongeveer 30 gram kos per dag. Wanneer daar kos oorbly, moet die kosbakke weggeneem word, anders vreet hulle te veel. 'n Vol krop kos neem ongeveer 24 uur om te verteer. Die voedingstowwe in kos wat 'n duif vreet moet eers deur ensieme verteer en in die duif se bloedstroom opgeneem word voordat dit na ongeveer twee dae in benutbare vorm vir die duif se liggaam beskikbaar is.

Daar moet in aanmerking geneem word dat 'n duif wat nie na kos moet soek nie, sy krop vol sal vreet en daarna gaan water drink. Omdat die duif net saad vreet (droë kos), sal die water die kos laat swel soos rys of stampmielies in 'n kombuis en sy krop word ongemaklik oorvol, voller as mense se maag na 'n groot maaltyd.

Net soos 'n mens moet duiwe ook vitamines en minerale inneem vir gesonde gebalanseerde voeding. Gelukkig voorsien die leweransiers van duiwekos vitamines en minerale in 'n goeie verhouding en is dit vir 'n duiweboer nie nodig om hom daaroor te bekommer nie.

Die waterbak moet toe gehou word met slegs drinkgate om die ergste stof en bemorsing deur die duiwe te verhoed. 'n Duif drink ongeveer 50 ml water per dag.

'n Duif se hart pomp ongeveer 115 ml bloed in 'n minuut.

'n Duif in vlug klap sy vlerke teen 'n tempo van ongeveer 330 keer per minuut.

'n Duif se vliegspoed in normale omstandighede wissel tussen 75 en 80 km per uur. Die vet in die vorm van plantolies soos grondbone en sonneblomsaad is noodsaaklik vir die verskaffing van energie. Anders as diervette word plantolies nie maklik in binnevet omgesit nie. Tydens 'n wedvlug verbruik 'n duif hoofsaaklik plantolies as energie en wel teen 'n tempo van ongeveer 3 gram vet per uur se vlieg. Anders as by mense benut duiwe min glukose (glikogeen) vir energie.

Die duif se oog is volgens samestelling waarskynlik 8 keer skerper as 'n mens s'n.

'n Duif slaap nooit, hy rus net met volle gewaarwording.

Die wonder wêreld van die duif

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

## MODENESERKLUB VAN S.A.


**President: Jan Lombard - 083 274 1014**
**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**

### DIE PERFEKTE RAS:


**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeid-enheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne alle lede se bereik te plaas.**

**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves?**
**The perfect bird!**

Julie 2019




*Thuringian Shield*



*Thuringian Spot*



*Thuringian Swallow*



**Chris de Bruin**
**Teel met Cauchois, American Giant Runt, Strasser, Swiss Mondain & Gros Mondain.**
**Kontak besonderhede:**
**Tel: 012 8191594 (n/u), 012 4200181 (k/u), e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**




Februarie 2019



*Thuringian Whitehead*




*Thuringian Gold Beetle*




*Thuringian Wing Pigeon*

## Birmingham Roller Vertoners Klub



| President | Sekretaris |
|---|---|
| Christo Munnik | Attie van Aswegen |
| e-mail: | e-mail: |
| cora.christo@gmail.com | attievanaswegen@gmail.com |
| Sel: | Sel: |
| 076 391 5800 | 082 411 8483 |



# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

**1. Book of Standards R200 each**

**2. SAFPA ties (Navy blue) R120 each**

**3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each**

**4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**

**5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**

**6. Metal Member & Judges scrolls R50 each**

**7. National pocket badges (Green) R70 each**

**8. National Honour scrolls (Green) R30 each**

**9. National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R850 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Score board

### Bank OFS Shield

| | | |
|---|---|---|
| 1. | KwaZulu-Natal: | 409 |

### Manie Fourie Trophy

| | | |
|---|---|---|
| 1. | North-of-the-Vaal: | 300 |
| 2. | Eastern Region: | 150 |
| 3. | Northern Freestate: | 0 |
| 4. | Eastern Province: | 0 |
| 5. | Western Transvaal: | 0 |
| 6. | Northern Cape: | 0 |
| 7. | Western Cape: | 0 |
| 8. | Freestate | 0 |
| 9. | SW Districts: | 0 |

**Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls boaan die kolom. Die streek met die meeste punte wen die BANKOVS skild en die tweede beste streek wen die Manie Fourie trofee./To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above. The best Region win the BankOFS Shield and the second best Region win the Manie Fourie trophy.**

### Bertie Wessels Trophy

**1. Nil**

**Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan slegs oor punt 9 van die reëls./The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9 of the rules**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873